


# DE LA REY

ONS HELDE-REEKS: VOLUME 1

GRATIS MET DIE  
KOMPLIMENTE  
VAN AFRIFORUM.



IN TYE SOOS DIÉ  
HET LEGENDES ONTSTAAN.





## **Oor die tekenprent:**

AfriForum is trots om hiermee sy eerste tekenprent oor die Afrikanergeskiedenis bekend te stel. James Kemp het die teks en Sean Verster die tekeninge oor generaal Koos de la Rey geskep. Al het die Anglo-Boereoorlog (1899–1902) slegs 'n klein deeltjie van die geliefde generaal se lewe uitgemaak, was sy prestasies as krygsman só indrukwekkend dat hy vandag nog veral daarvoor onthou word. Die twee kunstenaars het hulle vryheid gebruik om insidente uit Koos de la Rey se deelname aan die oorlog in bondige formaat aan lesers te bied. Van die gebeure wat hierin voorkom, moes dus noodgedwonge aangepas of gedramatiseer word. Soos wat die geval met enige goeie historiese fiksie is, is dit nie bedoel om 'n geskiedenisboek te wees nie, maar wel 'n aansporing om meer oor hierdie Afrikanerheld uit te vind. Aan die einde van die verhaal verskyn inligting oor publikasies wat jou met só 'n historiese ontdekkingsreis kan help en oor wyses waarmee jy AfriForum met dié geskiedenisprojek kan help.

AfriForum hoop jy geniet hierdie vertelling oor die besondere man wat die Leeu van die Wes-Transvaal genoem is, maar beslis geen oorlogsugtige was nie.

## **Oor generaal Koos de la Rey:**

Jacobus (Koos) Hercules de la Rey is op 22 Oktober 1847 op die plaas Doornfontein in die Winburg-distrik gebore. Hy het aanvanklik met transportrywerk 'n goeie inkomste verdien. In 1876 is hy met Jacoba Elizabeth Greeff getroud. Sy was bekend as Nonnie. Dit was 'n gelukkige huwelik en hulle het twaalf kinders gehad. Uiteindelik het hulle hul op die plaas Elandsfontein buite Lichtenburg gevestig. As natuurlike leier het Koos vroeg reeds verskeie take vir die Transvaalse regering onderneem. Van 1885 tot 1893 was hy kommandant van Lichtenburg en is daarna tot volksraadslid verkies. Hy het sy krygsvernuft tydens die Eerste Vryheidsoorlog (1880–1881) en die afweer van die Jameson-inval (1896) getoon. Hoewel hy nie bereid was om die vryheid van sy volk prys te gee nie, het hy sy bes probeer om die Anglo-Boereoorlog te voorkom. Tydens dié stryd het hy naam gemaak as strateeg – aanvanklik met die vernietiging van spoorlyne om die Britte van voorrade af te sny en later met die ontwikkeling van die stormjaagtegniek in aanvalle. Later het hy ook gesorg dat vrouens en kinders wat gevlug het om uit die konsentrasiekampe te probeer bly, versorg is. Sy medemenslikheid is treffend geïllustreer toe hy die swaar gewonde lord Methuen na die Slag van Tweebosch vrygelaat het om deur Methuen se eie dokter versorg te word. Uiteindelik moes hy ook aan die vredesonderhandelinge deelneem en op 31 Mei 1902 die Verdrag van Vereeniging onderteken. Hierna het hy van die kommando's gaan inlig dat die oorlog verby was, na Europa gereis om fondse vir die Boere se weduwees en kinders te gaan insamel en in 1903 na Indië gegaan om die krygsgevangenes daar te gaan oortuig om die eed van getrouheid aan Brittanje af te lê sodat hulle na hul vaderland kon terugkeer. Daarna het hy en sy vrou hul verwoeste plaas begin heropbou. Hy was deel van die Transvaalse afvaardiging wat medewerkers aan die opstel van die grondwet van die Unie van Suid-Afrika was. In 1910 is hy genomineer as lid van die eerste senaat van die Unie. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het hy nie met eerste minister Louis Botha saamgestem dat die Unie van Suid-Afrika aan Britse kant aan die oorlog moes deelneem nie. Hy het gemeen dat die tyd nou ryp was om republikeinse vryheid terug te kry. Nadat die Unieparlement besluit het om die Duitsers in Suidwes-Afrika aan te val, het hy verhoudinge met Botha verbreek en na die Transvaal teruggekeer. Op 15 September 1914, onderweg met generaal Christiaan Beyers om generaal Jan Kemp in Potchefstroom te gaan ontmoet om oor die weg verder te praat, is De la Rey deur die polisie by Langlaagte noodlottig in die rug gewond. Die polisie was skynbaar op soek na 'n berugte rowerbende en De la Rey is per abuis geskiet. Daar was egter gerugte dat hy in opdrag van die Botha-regering geskiet is om te verhoed dat hy 'n rebellie teen die regering begin. Die Rebellie het wel uitgebreek en daar sal seker altyd bespiegel word oor watter rol hy daarin sou speel indien hy nie so tragies oorlede is nie. Sy naam leef voort in die Afrikaner-heldegalerie.



KRAAIPAN 12 OKTOBER 1899





'N BIETJIE VERDER LANGS  
DIE SPOORLYN AF...











MY SARIE  
MARAIS IS SO VER  
VAN MY AF...

DIE AANVAL BY KRAAIPAN WAS 'N REUSE-SUKSES. AL DIE BRITSE SOLDATE HET OORGEBEE EN HEELWAT WAARDEVOLLE MIDDELE IS GEBUIT.



GENERAALS PIET CRONJE EN DE LA REY VOER GESPREK OOR WAT VOLGENDE MOET GEBEUR OM DIE BRITTE IN HULLE SPORE TE STUIT.

DIE BRITTE IS DUIDELIK VAN PLAN OM KIMBERLEY TE ONTSET.

EK EN MY MANNE SAL SEKER MAAK DAT HULLE NIE DAAR UITKOM NIE.



NEEM JOU MANSKAPPE EN PROBEER HULLE HIER VOORKEER.



Kimberley

ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE MAG DIE BRITTE KIMBERLEY BEREIK NIE.







MODDERRIVIER.

DIE BRITTE  
MOET DIE BRUG  
OORSTEEK.



NOU GAAN  
DIE KAKIES SUKKEL  
OM IN KIMBERLEY  
TE KOM.

**BOEM!!**



ADAAN,  
KOM HIER.



EK HET JOU  
MA BELOWE.

JA, PA.





ONS HET DIE  
ENGELSE ONDERSKAT. MET  
DIE GEVEG MOET JY NABY  
BLY OU SEUN.

PA, EK IS  
'N SOLDAAT.













BY 'N NABYGELEË VELDOSPITAAL.

GENERAAL DE LA REY...

HOE GAAN DIT MET ADAANZ?



EK IS JAMMER. ONS KON HOM NIE RED NIE.

AG HERE, GEE MY KRAG. EK HET SY MA BELOWE...



LORD METHUEN.



I'VE JUST RECEIVED WORD THAT GENERAL DE LA REY'S SON WAS KILLED IN ACTION.

THE SON OF THE LION OF THE WESTERN TRANSVAAL?



YES, LORD METHUEN. THIS SHOULD BREAK HIS SPIRIT?

HAVE YOU EVER FOUGHT AGAINST A WOUNDED LION?



PREPARE THE TROOPS.

YES, SIR!






MAGERSFONTEIN. GENERAAL PIET CRONJE  
NEEM BEHEER VAN DIE SLAG. GENERAAL DE LA  
REY HET ANDER VERPLIGTINGE.





MAGERSFONTEIN

AIM THE ARTILLERY AT THE HILLS, AS USUAL, THE BOERS ARE HIDING UP THERE.



HOEWEL DIE ENGELSE DIE HEUWELS BOMBARDEER, HET DE LA REY DIE BOERE OPDRAG GEGEE OM ONDER TEEN DIE BERG HULSELF IN LOOPGRAWE TE VERSKUIL.

**BOEM!!**

**BOEM!!**

**BOEM!!**



THERE WILL BE NOTHING LEFT OF THE BOERS AFTER THAT.



**VUUR!!**



**AAAAHHHH!!**


THEY WERE NOT ON THE HILLS!!











DIE OORLOG WAT, VOLGENS DIE BRITTE, VOOR KERSFEES KLAAR SOU WEES, DUUR NOU AL LANGER AS 'N JAAR EN NOG BRITSE SOLDATE WORD INGEVOER.

NOW WE WILL SHOW THOSE BOERS.



KORT DAARNA HET PRETORIA, DIE HOOFSTAD VAN DIE Z.A.R IN DIE HANDE VAN DIE BRITTE GEVAL. PRESIDENT PAUL KRUGER IS GEDWING OM UIT PRETORIA TE VLUIG.

**WE ARE MARCHING TO PRETORIA...**



GENERAAL BEYERS, JY KOM SAAM MET MY NA NOOITGEDACHT. EN GENERAAL BOTHA, JY EN JOU MENSE GAAN NA DONKERHOEK.

DONKERHOEK, DE LA REVZ?



HULLE GAAN PRESIDENT KRUGER PROBEER VANG EN JY MOET HULLE KEER. EN ONS SAL HULLE BY NOOITGEDACHT STOP.



DIE ENGELSE WAS GEWOOND AAN GEVEGTE OP 'N OOP TERREIN. DIE BOERE HET WEENS DIE GETALLE-OORMAG VAN DIE ENGELSE EFTER OORGEGAAN TOT GUERRILLA-OORLOGVOERING.



DIT HET BEHEL S DAT DIE BOERE DIE ENGELSE BEKRIIP, AANVAL EN DAN VINNIG OP DIE VLIIG SLAAN.



HA HA!  
DAAI KAKIES WEET  
NIE WAT HILLE GETREF  
HET NIE.



SÓ WYS GENERAAL KOOS DE LA REY EN GENERAAL CHRISTIAAN BEYERS DIE KAKIES WIE IS BAAS BY NOOITGEDACHT...



IN REAKSIE OP DIE BOERE SE NIWE STRATEGIE KOM LORD METHUEN EN LORD ROBERTS BY DIE MELROSE HUIS IN PRETORIA BYMEKAAR.



LORD ROBERTS,  
WE'RE AT OUR  
WITS' END...

...THE BOERS ARE  
OUTWITTING US WITH  
THIS NEW STRATEGY  
OF THEIRS.


I KNOW,  
LORD  
METHUEN.



THEREFORE  
I HAVE DECIDED ON A  
NEW STRATEGY.









THE BOERS  
ARE DEPENDENT  
ON THEIR FARMS  
WHERE THEY GET  
SUPPORT.




WE WILL  
TAKE AWAY  
THEIR SUPPORT BY  
BURNING DOWN  
THE FARMS...




...AND WE  
WILL DESTROY  
ALL OF THEIR  
LIVESTOCK.



I KNOW  
YOU WILL PROBABLY  
THINK THAT THIS IS INHUMANE,  
LORD METHUEN, BUT WE  
WILL KEEP THE WOMEN  
AND CHILDREN IN  
SAFE CAMPS...



...THEREBY  
FORCING THE HAND  
OF THE BOERS AND  
ENSURING THAT THEY  
SURRENDER.



LORD ROBERTS,  
CERTAINLY THIS IS  
NOT RIGHT?




RIGHT OR  
WRONG HAS STEPPED  
OUT THE DOOR.













ONGEAG DE LA REY SE PERSOONLIKE WROK HET HY GEWEET DAT METHUEN MEDIESE HULP BENODIG WAT HY NIE IN STAAT WAS OM TE VOORSIEN NIE.





DIE VREDE HET OP 31 MEI 1902  
AANGEBREEK, DIE BOERE MOES  
HULLE WAPENS NEERLÊ. DIE OORMAG  
WAS NET TE GROOT...



DIE GRAFTE VAN VROUE EN  
KINDERS HET TE VEEL GERAAK.



MAAR NÂ DIE AFBREEK WAS  
DAAR WEER GROEI.



EN NÂ DIE HARTSEER WAS  
DAAR STEEDS LIEFDE.



EN NÂ DIT ALLES IS DAAR  
STEEDS AFRIKANERS.





## Help AfriForum om Afrikanerhelde soos generaal De la Rey se verhale te vertel

Hierdie strokiesprent word **gratis** deur AfriForum versprei om Afrikanergeskiedenis aan soveel jongmense as moontlik in jou gemeenskap bekend te stel.

Jy kan help om die projek te finansier. Skenk R10 deur “Geskiedenis” na **38315** te SMS.

Laat weet ons by [afriforum@afriforum.co.za](mailto:afriforum@afriforum.co.za) as jy nog kopieë van hierdie strokiesboek wil hê om aan jongmense in jou omgewing uit te deel.


## Kontak ons en wen!

Van watter Afrikanerheld sal jy graag ook 'n strokiesprent wil lees? Nominer jou held en wen 'n prys van AfriForum en Kraal Uitgewers. Stuur die held se naam, asook jou naam en kontakbesonderhede aan ons by [kraal@kraaluitgewers.co.za](mailto:kraal@kraaluitgewers.co.za).

Een gelukkige wenner sal 'n pakkie ontvang met:

- die boek *De la Rey: 'n Stryd vir Vryheid* deur prof. Andries Raath; en
- die boek *Nonnie de la Rey: Pionier van die Wes-Transvaal, 1856–1923* deur Zelda Rowan (redakteur prof. Fransjohan Pretorius).

Sluitingsdatum: 31 Maart 2020.



## Wil jy meer weet van Koos en Nonnie de la Rey?

Twee spogpublikasies van Kraal Uitgewers is oor hulle lewens beskikbaar, naamlik:

*De la Rey: 'n Stryd vir Vryheid* deur prof. Andries Raath; en  
*Nonnie de la Rey: Pionier van die Wes-Transvaal, 1856–1923* deur Zelda Rowan (redakteur prof. Fransjohan Pretorius).

Dié boeke kan in die bogenoemde kompetisie gewen word, maar is ook by Kraal Uitgewers te koop.

Besoek Kraal se aanlyn winkel by [www.kraaluitgewers.co.za](http://www.kraaluitgewers.co.za) vir meer inligting of om dit te bestel. Jy kan dit ook by Kraal se winkel in Kloofsig, Centurion kom aankoop, of dit per e-pos by [kraal@kraaluitgewers.co.za](mailto:kraal@kraaluitgewers.co.za), of telefonies by 012-880-1953 bestel.



---

# DE LA REY

---







[www.afriforum.co.za](http://www.afriforum.co.za)



Om by AfriForum aan te sluit, SMS jou naam na 32077 (R1).